OGGEND-BYBELSTUDIE
HEIDELBERGSE KATEGISMUS
SONDAG 34
STUDIESTUK 14

Inleidende opmerkings om van kennis te neem én te oordink:

Prof P.W. Buys het by geleentheid gesê:

- **"Die wet van die Here is nie 'n reeks masjiengeweer skote in 'n doringdraad versperring van waaruit geweerlope op jou gerig word om jou by die geringste oortreding neer te vel nie.**

  Inteendeel:

  Dit is eerder 'n reeks vriendelike wegwysers langs die pad na die ewige heerlikheid . . . ."

- **"Wat die water vir die vis is, die lug vir die voël, die boomskaduwee langs die pad vir die pelgrim, die spoorstawe vir die trein – dit is die wet van die Here vir die gelowige . . . ."**

OORDINK EN BEDINK DIE VOLGENDE SKRIFGEDEELTE
(en maak die inhoud van toepassing op jou eie lewe):
PSALM 119:6
Maak nota's vir jouself:

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Opmerkings om oor na te dink:

→ Hoekom dink jy het die Heidelberger die behandeling van die wet in die derde deel van die troosboek ingeskryf?

→ Lees Matteus 22:34-40.
Watter indeling van die wet het Jesus hier in gedagte?

→ Lewer kommentaar:
"Die Tien Gebooie is die grondwet van die hemelse koninkryk."
(Lees Matteus 5-7 rustig deur alvorens jy jou kommentaar neerskryf.)